# Belastingbetalers weer aktief

**RUSTENBURG - Na maande van relatiewe "kalmte" op belastingbetalersfront het Rustenburg se Belastingbetalervereniging pas weer die skouer aan die wiel gesit en begin voorberei vir 'n druk program aanstaande jaar. Twee splinternuwe webtuistes in onderskeidelik Engels en Afrikaans is deur mnr Johan de Klerk van Rustenburg, 'n sagtewarespesialis, ontwerp en geregistreer vir gebruik deur die Belastingbetalersvereniging en sy lede.**



Mnr Johan Schoeman - voorsitter van die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging (links) en mnr Johan de Klerk - 'n plaaslike sagtewarespesialis wat pas twee webtuistes in onderskeidelik Engels en Afrikaans vir gebruik deur die Belastingbetalersvereniging ontwerp en geregistreer het. Nagenoeg 164 besoeke is tot dusver op die webtuistes ontvang. Die Belastingbetalersvereniging skop vroeg aanstaande jaar op 'n hoë noot af met 'n vergadering op Maandag, 18 Januarie 2010 in die Ou Rustenburgse Stadsaal.

Die adresse van die webtuistes is onderskeidelik www.rbbv.co.za en www.rrpa.co.za. Mense wat meen dat hul probleme met dienslewering ondervind, is welkom om op die webtuistes te registreer en min of meer besonderhede van hul probleme te gee.

Volgens mnr De Klerk is daar sedert registrasie van die webtuistes al meer as 164 besoeke ontvang. Goeie nuus vir belastingbetalers wat bekommerd is oor dienste asook ander sake van gemeenskaplike belang, is dat die Belastingbetalersvereniging ernstig is oor sy bedrywighede vir volgende jaar. 'n Vergadering is sommer vir vroeg aanstaande jaar in die Ou Rustenburgse Stadsaal gereël.

Die vergadering sal op Maandag, 18 Januarie 2010 om 18:00 begin en sal deur mnr Johan Schoeman, huidige voorsitter van dié vereniging gelei word. Na wat verneem word sal die Nasionale Voorsitter van die Nasionale Belastingbetalersunie, mnr Jaap Kelder en mev Carin Visser - voorsitter van die Sannieshof Belastingbetalersvereniging, ook die vergadering bywoon en as gassprekers optree.

Meer besonderhede sal intussen in die Herout bekend gemaak word. Mnr Schoeman het Rustenburgers genooi om in hul gemeenskap betrokke te raak en standpunt in te neem oor sake wat belastingbetalers en hul gemeenskappe raak.

Hy het Rustenburgers ook aangemoedig om die vergadering op 18 Januarie 2010 in die Ou Stadsaal by te woon. Meer besonderhede sal in Rustenburg Herout se uitgawe van Donderdag, 14 Januarie 2010 verskyn, het mnr Schoeman gesê.




PROPERTY MAINTENANCE YOU CAN'T AFFORD TO BE WITHOUT
The ultimate choice in property maintenance
UNLIMITED CALL-OUTS
VISIT www.homecareservices.co.za
OR CALL
079 632 1909 FOR APPOINTMENT



PASTEL | ACCOUNTING
Authorised Training Centre
Introduction to Accounting 2 Days - R2 400
Last dates for this year - 07 - 08 December 2009 in Brits
Pastel Xpress 3 Days - R3 600
Last dates for this year - 09 - 11 December 2009 in Brits
Northwest Training & Admin Solutions
Contact Number: 084 701 6520
E-mail: admin@nwtaas.co.za
169 Joubert Street Rustenburg 0299


# Crime & anxiety'

RUSTENBURG - An effective partnership between government and business, particularly the banking sector, is crucial in ensuring South Africa remains a safer place to do business. This sentiment was echoed by the minister of Police Nathi Mthethwa when addressing the South African Banking Risk Information Centre, attended by amongst others CEO's of the major banks, business and government leaders. 'We view business, particularly the banking sector as important role-players in government's goal of effectively dealing with crime. Due to the shifting nature of crime in South Africa, we believe it is important to constantly re-evaluate our approach to fight crime, especially violent and serious crimes.'

'One of the elements that leads to anxiety in society is the impact crime has on business. We cannot allow this to become a hindrance between financial institutions and societies they serve.'

'However a crime trend overview in relation to a partnership between police and banks paints an encouraging picture. In relation to bank robberies, we have noticed a 27% decline from 2007/08 to 2008/09. Some of the key factors which contributed to our success in this area include: the partnership developed between business and government, resulting in increased arrests of perpetrators, strict bail for offenders and measures introduced by the banks themselves.'

He further said that government moves from a premise that it is only through effective partnerships that creates safer environments which enable economic development.


PLAN NOW FOR 2010 ACCREDITED SKILL TRAINING.
*For all open Pit mining and Quarries.*
*Contact Daan Swanepoel*
*082 716 8886 / 087 940 6782*
*daan.swanepoel@gwisa.com*



FRANCHISE OPPORTUNITIES
CREDIT CRUNCH OFFER!!
Price from R499 000
Deposit from R300 000 excl. vat.
PREMISES NOW AVAILABLE IN
Waterfall Mall - Rustenburg


LANDLORDS - Premises Required from 130m² to 350m²
Email: fiesta@mochachos.com Tel (011) 450 2145 www.mochachos.com



BATTERY SPECIAL
OPEN MAANDAG, 7 DESEMBER 2009
PRO-TECH BATTERIES RUSTENBURG
BESTE PRYSE OP ALLE BATTERYE!!!!

| GROOTTE | WAS | NOU |
|---|---|---|
| 618 | R665 | R450 |
| 628 | R625 | R450 |
| 638 | R670 | R595 |
| 657 | R1 045 | R750 |
| 674 | R1 285 | R775 |
| 680 | R1 235 | R1 095 |
| 689 | R1 945 | R1 300 |

OOK BESKIKBAAR: Deep Cycle batterye, motorfietsbatterye, boot- en karavaanbatterye, jetski batterye, International Trokbatterye.
*Terwyl voorraad hou - Gee ou battery in vir bg. prys!!*
Adres: Thabo Mbeki nr. 96 (Langs Goldwagen & Adendorff - net voor brug / ou Smitstraat)
Tel: Schalk 072 341 4621
BAIE PARKEERPLEK!!!!